

# GRAAD 11

## TAAK 11.1:

### VRAESTEL 1

Deur: Hanneke Basson, Hoër Meisieskool Herschel

**TYD: 2 UUR PUNTE: 70**

## ALGEMENE INSTRUKSIES EN INLIGTING:

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik:


AFDELING A:	LEESBEGRIP	(30)
AFDELING B:	OPSOMMING	(10)
AFDELING C:	TAAL	(30)
- Beantwoord AL die vrae.
- Lees ALLE instruksies noukeurig deur.
- Voorgestelde tydsindeling:

Afdeling A =	50 minute
Afdeling B =	30 minute
Afdeling C =	40 minute
- Trek 'n streep NA elke afdeling voltooi is.
- Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
- Laat 'n reël oop na elke antwoord.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Kram al drie afdelings saam vas en handig as een antwoordstel in.
- Skryf jou Afrikaansonderwyser se naam op jou antwoordstel.



# AFDELING A:

## LEESBEGRIP



## VRAAG 1:

### ARTIKEL EN VISUELE TEKS

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarop volg.

### TEKS A

## Generasie Z doen dinge anders

1. As jy hierdie artikel lees, is dit waarskynlik omdat jou ouers (of grootouers) dit vir jou uitgekniip en gefaks het. As jou ouers of grootouers baie modern is, sou hulle dit geskandeer en ge-e-pos het of selfs 'n foto met hul slimfoon geneem en dit vir jou ge-WhatsApp het. Jy het reg geraai: hierdie artikel handel oor die generasiegaping.
2. "Gee ons kleur, beweging, deelname, tegnologie en selfs speletjies, maar tog net nie 'n onderwyser wat net daar voor staan en praat nie."
3. Só voel baie van vandag se leerders – die sogenaamde generasie Z.
4. Dié geslag raak maklik verveeld, volgens dr. Anita Maürtin-Cairncross, bestuurder van personeelontwikkeling aan die Universiteit van Wes-Kaapland. Daarby kan hulle nie lank konsentreer nie, wil nie werk uit die kop uit leer nie, verkies om deel te neem eerder as om net te kyk en is dikwels meer op hul gemak met tegnologie as die persoon wat voor in die klas staan.
5. Tegnologie is hulle ding. In die ou dae kon net bleeksiele tegnologie baasraak, maar deesdae is dit soos tweede natuur vir jong mense.
6. Die meeste onderwysers in die huidige skoolsisteem is nie deel van generasie Z nie en hierdie generasiegaping is die rede vir baie frustrasie in die klaskamer.
7. 'n Leerkrag wat nie generasie Z se behoeftes en vermoëns verstaan nie, gaan sukkel om hulle doeltreffend te onderrig, sê Maürtin-Cairncross. Sy het op 'n onderwyskonferensie van die Universiteit van Johannesburg vertel opvoeders dink dikwels hierdie leerders maak hulle as vervelig af of stel glad nie in die les belang nie. Daarom is dit nodig dat onderwysers bewus gemaak word van hoe generasie Z se koppe werk.
8. Volgens Maürtin-Cairncross is generasie Z tussen 1995 en 2010 gebore. Hulle heg baie waarde aan prestasie, is gemaklik met diversiteit en hou daarvan om saam met ander te werk of ander te help. Hulle is optimisties en het baie selfvertroue en energie. En hulle kan meer as een ding op 'n slag doen, daarom sal hulle begin SMS'e stuur as 'n les vir hulle vervelig raak. Hulle tref nie groot onderskeid tussen werk- en ontspanningstyd nie.

Terwyl hulle werk, sal hulle na musiek luister, die televisie sal blêr en hulle sal dalk ook nog SMS'e stuur. Hul ouers het hulle grootgemaak om met enigeen te kan praat en om 'n goeie selfbeeld te hê. Hul ouers is dikwels ook hul beste vriende.

## Huistaal

9. Hierdie jong mense is spangerig en kan insette van maats bo dié van 'n onderwyser verkies. Maar hul kritiese vaardighede is nie altyd baie goed ontwikkel nie en hulle verkies die internet vir inligting eerder as om gedrukte bronne soos boeke te gebruik. Hulle neem maklik besluite sonder om oor die gevolge te dink en het 'n swak begrip van akademiese etiek. Hulle sal maklik plagiaat pleeg of werk by maats afskryf en nie verstaan hoekom dit verkeerd is nie, sê Maürtin-Cairncross.
10. Haar raad aan onderwysers is om 'n verskeidenheid onderrig tegnieke in hul lesse te gebruik. Om leerders se aandag te behou, beveel sy aan dat "ooglekkernye" ook gebruik word – soos animasie, foto's, klank en kleur en beeld. Selfs blokkiesraaisels kan soms ingespan word.
11. En moenie net vir 'n leerder 'n opdrag gee nie, waarsku sy. Verduidelik aan hulle hóékom hulle dit moet doen. Dit sal hulle motiveer en kenmerkend van hul generasie kom hulle dan waarskynlik vorendag met uiters innoverende werkstukke.


(aangepas en verwerk vanaf [berigte/rapport/2008/04/05.html](http://berigte/rapport/2008/04/05.html))

- 1.1 Wat impliseer die skrywer oor generasie Z in die eerste sin van die leesstuk? (1)
- 1.2 Kies die korrekte antwoord om die onderstaande sin te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en letter van jou keuse neer.  
Die leesstuk begin met 'n ... toon.  
A sarkastiese  
B speelse  
C morbiede  
D ernstige (1)
- 1.3 Verwoord generasie Z se standpunt in paragraaf 2 in jou eie woorde. (1)
- 1.4 Kan die persoon in paragraaf 4 se uitsprake ernstig oorweeg word? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 1.5 Omskryf die betekenis van "bleeksiele" (paragraaf 5) in jou eie woorde. (1)
- 1.6 Haal 'n sin uit die leesstuk aan wat die frase "baie frustrasie in die klaskamer" (paragraaf 6) verduidelik. (1)
- 1.7.1 Hoe verander die toon van die leesstuk vanaf paragraaf 7? (1)
- 1.7.2 Noem twee tegnieke wat die skrywer gebruik om die toonsverandering mee te bring. (2)
- 1.8 Watter wanpersepsie het onderwysers oor generasie Z-studente? (1)
- 1.9 Skryf dr. Maürtin-Cairncross se oplossing vir die klassituasie in jou eie woorde neer. (1)
- 1.10.1 Hoe, dink jy, kan generasie Z se eienskappe (paragraaf 8) positief in die klas ingespan word? (1)
- 1.10.2 Watter nadeel, volgens jou, kan generasie Z se eienskappe (paragraaf 8) in die klas veroorsaak? (1)
- 1.11 Is die volgende sin volgens die leesstuk 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord.  
*Generasie Z is tussen 1995 en 2010 gebore* (1)
- 1.12 Waarom is dit 'n probleem as studente nie gedrukte bronne raadpleeg nie? (1)

- 1.13 Gee 'n voorbeeld van goeie akademiese etiek. (1)
- 1.14 Wat verstaan jy onder "'n verskeidenheid onderrig tegnieke" (paragraaf 10)? (1)
- 1.15 Is die woord "ooglekkernye" (paragraaf 10) 'n geslaagde versamelnaam vir animasie, foto's, klank, kleur en beeld? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 1.16 Skryf 'n nuwe, treffende opskrif vir die leesstuk. (1)

EN

TEKS B



(Vanaf: [www.graphics24.com](http://www.graphics24.com), 22 Oktober 2014)

- 1.17 Wat is die verband tussen teks A en B? (1)
- 1.18 Waarom is juis Mark en Malala se foto's groot gebruik en nie bekendes van die ander generasies nie? (1)

## Huistaal

- 1.19 Hoe verskil die siening van generasie Z tussen die twee tekste? (1)
- 1.20 Kies die korrekte antwoord om die onderstaande sin te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (1.20) en letter (A – D) van jou keuse neer.  
Generasie Z se grootste gedeelde eienskap is ...
- A portuurdruk
  - B omgewingsbewustheid
  - C ouerdruk
  - D blymoedigheid (1)
- 1.21 Lewer kommentaar oor die geslaagdheid van die sketse in
- 1.21.1 blokkie 2 (1)
  - 1.21.2 blokkie 6 (1)
- 1.22 Waarom, dink jy, is die Amerikaanse inligting in teks B vir Suid-Afrikaners van belang? (1)
- 1.23 Watter brokkie inligting verskyn in albei tekste? (1)
- 1.24 Waarom is dit ironies dat Mark Zuckerberg so breed in teks B glimlag? (2)
- 1.25 Beskou jy jouself as 'n lid van generasie Z? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

**/30/**

**TOTAAL AFDELING A = 30**

## AFDELING B:

### OPSOMMING

## VRAAG 2

Lees die onderstaande teks en maak 'n opsomming in paragraafvorm van maksimum 80 woorde oor die lewenswenke aan Generasie Z.

## Liewe Generasie Z...

Kyk 'n oomblik op van jou selfoon en lees hier hoe om te leef.

Moenie bang wees vir foute maak nie. Die lewe bied jou dikwels 'n tweede kans, maar weet dat sekere verkeerde besluite fataal is. Dit is gewoonlik daardie besluite wat jy in 'n vlietende oomblik neem sonder om twee keer daarvoor te dink.

Voel jy so ongemaklik soos 'n hond wat leer salsa wanneer jy jou voete op die dansbaan sit? Wel, ons sê swak dans is 'n vaardigheid – gebruik dit! Niemand sal jou onbeholpe danspassies raaksien as jy soveel pret het dat jy nie omgee nie. Komaan, gaan vra daardie oulike meisie vir 'n dans.

Voel jy elke keer aaklig dat jy 'n verkoopsassistent vra om vir jou 'n ander grootte te bring of jou broer vra om jou iewers te gaan aflaai? Hou op om verskoning vra en sê eerder net dankie. Maar onthou om volgende keer die guns terug te bewys!

Óf jy nou in die musiekklas die verkeerde noot speel, 'n vriend se verjaardag vergeet óf jou naam krater maak voor die ou op wie jy verlief is, dit sal net die situasie vererger as jy daarvoor te kere gaan. Lag daarvoor en maak of dit niks is nie – die ander sal dan ook so dink.

Jy verpes dalk jou sproete en wens jy het hare soos Justin Bieber of Harry Styles gehad, maar iemand anders begeer weer jou mooi gelaat, skitterende glimlag en oulike ore. Glimlag net mooi en die liefde sal na jou kant toe kom.

Jy is dalk geen MasterChef nie en kan skaars tussen broccoli en bok choy onderskei, maar moenie dat dit jou uit die kombuis hou nie. Jou vriende en familie behoort beïndruk te wees met daardie ingedrukte kolwyntjies – jy het ten minste probeer! En onthou, 'n mens verbeter algaande.

Moet nooit om verskoning vra vir jou anderste modesin nie, maak nie saak wie dit nie snap nie. Dink net hoe vervelig die wêreld sal wees sonder 'n bietjie blinkers en gesigverf.

(Vanaf: *Huisgenoot Digitaal* op Januarie 28, 2014)

**/10/**

**TOTAAL AFDELING B = 10**

## AFDELING C:

**TAAL**

### VRAAG 3:

**ADVERTENSIE**



As jy sweet wanneer jy by hom is, verklap jy te veel. Nuwe Rexana Teens.

(Vanaf: [www.teenads.com](http://www.teenads.com))


## Huistaal

- 3.1.1 Wat verklap die meisie in die foto? (1)
- 3.1.2 Wat sal jy, volgens die teks, verklap? (1)
- 3.2 Maak 'n verhelderende sin met die homoniem van "as". (1)
- 3.3 Verklaar die gebruik van die komma in die advertensie. (1)
- 3.4 Gee die intensiewe vorm van "nuwe". (1)
- 3.5 Gebruik "sweet" as die bepaler in 'n samestellende afleiding. (1)
- 3.6 Onderstreep die klankgreep in die woord "wanneer" wat die hoofklem dra. (1)
- 3.7 Herskryf die volgende sin in die lydende vorm: Jy verklap te veel. (1)

/8/

## VRAAG 4:

### STROKIE



*geek and poke*

(Vanaf <http://patricecaldwell.com>)

- 4.1 Voltooi die volgende sin met 'n gepaste sinoniem vir "opgebreek" (raampie 1):  
Ek en Jan het ons verhouding... (1)
- 4.2 Verskaf 'n sterk verlede deelwoord om die volgende sin te voltooi:  
Jan sal aan 'n ... hart ly wanneer hy uitvind. (1)

- 4.3 Herskryf raampie 2 in die indirekte rede. Begin só: Sy vra ... (1)
- 4.4 Lei 'n selfstandige naamwoord af van die werkwoord "hanteer". (1)
- 4.5 Herskryf die eerste sin in raampie 3 in die bevestigende vorm. (1)
- 4.6 Wat word in die laaste raampie geïmpliseer? (1)

**/6/**

## Raad vir generasie Z in die werkplek:

- 1 'n Kwalifikasie is nie alles nie, maar dit gee jou 'n voet in die deur. 'n Voet in die deur beteken nie jy is geregtig op 'n hoekantoor met 'n uitsig nie.
- 3 Hoe jy mense behandel wat niks vir jou kan doen nie, sê baie meer van jou as enige Facebook-status. Gepraat van Facebook, as werkgewer beskou ek nie jou 500
- 5 vriende as 'n netwerkbate nie, ek sien dit as 'n aandag-verdelende las.
- 6 Luister aandagtig (5.8) ander, maar dink vir jouself. Jy sal verbaas wees hoe skaars hierdie eienskap is.
- 8 Lewe in die oomblik, kyk op van jou selfoon af; jy mis jou lewe of dalk 'n
- 9 aankomende trein.
- 10 Moenie drink en bestuur nie. Moenie SMS en bestuur nie.
- 11 *Gr8 en snjo vnd* is nie aanvaarbare skryftaal in die grootmensewêreld nie.
- 12 Leer om te spel as jy dit nog nie onder die knie het nie. Wardeur word bv. nie só gespel nie.

(Deur André Griessel op [www.netwerk24.com/sake](http://www.netwerk24.com/sake) 24 Oktober 2015)

## VRAAG 5:

### PROSA

- 5.1.1 Word die frase "voet in die deur" (reël 1) konnotatief of denotatief gebruik? (1)
- 5.1.2 Gebruik nou die frase in die ander betekenisverband as jou antwoord by 5.1.1. (1)
- 5.2 Soek die spelfout in die eerste paragraaf en skryf die woord korrek neer. (1)
- 5.3 Skryf die meervoud van "uitsig" (reël 2) neer. (1)
- 5.4 Benoem die voornaamwoord "wat" in reël 3. (1)
- 5.5 Gee die antoniem vir "werkgewer" (reël 4). (1)
- 5.6 Wat is die stam van "-verdelende" (reël 5)? (1)
- 5.7 Vorm 'n persoonsnaam van die werkwoord "luister" (reël 6). (1)
- 5.8 Vul die korrekte voorsetsel in (reël 6). (1)
- 5.9 Vervang "hierdie" in reël 6 met 'n lidwoord wat steeds op die spesifieke eienskap dui. (1)
- 5.10 Verskaf 'n sinoniem vir "dalk" (reël 8). (1)
- 5.11 Herskryf die informele boodskap in reël 11 in Standaardafrikaans. (1)




## Huistaal

- 5.12 Wat is die meervoud van “knie” (reël 12)? (1)  
5.13 Gee die korrekte spelling van “wardeur” (reël 12). (1)  
5.14 Skryf die afkorting in reël 12 uit. (1)  
5.15 Skryf die onderstreepte sin (reël 12) in die bedrywende vorm. (1)

**/16/**

**TOTAAL AFDELING C = 30**  
**TOTAAL VIR VRAESTEL = 70**

# VRAESTEL 1: MEMO



## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Denkvlak Punt**

1.1	Generasie Z lees nie (koerante nie).	3	1
1.2	B/speelse	3	1
1.3	Leerders van generasie Z wil nie na lesings luister nie, maar wil aan opwindende aanbiedings meedoen.	2	1
1.4	Ja. Sy is 'n akademiese doktor.	1	1
1.5	Introverte wat van rekenaars hou.	2	1
1.6	“Daarby kan hulle nie lank konsentreer nie, wil nie werk uit die kop uit leer nie, verkies om deel te neem eerder as om net te kyk en is dikwels meer op hul gemak met tegnologie as die persoon wat voor in die klas staan.” (geen aanhalingstekens = 0)	1	1
1.7.1	Dit raak ernstig.	3	1
1.7.2	Spreek nie meer die leser direk aan nie. Formele taal en woordeskat.	3	2
1.8	Opvoeders dink dikwels hierdie leerders maak hulle as vervelig af of stel glad nie in die les belang nie.	1	1
1.9	Opvoeders moet leer hoe die nuwe geslag funksioneer. (eie woorde!) “Daarom is dit nodig dat onderwysers bewus gemaak word van hoe generasie Z se koppe werk.”	2	1
1.10.1	Eie mening, bv. Hulle kan self 'n deel van die werk onderrig./Hulle kan in groepe 'n probleem uitpluis en aan die klas rapporteer.	3	1
1.10.2	Eie mening, bv. Hulle kan te veel fokus op punte i.p.v. die bemeestering van die vaardigheid./Hulle is ongefokus omdat hulle met soveel goed op een slag besig is.	3	1
1.11	Mening. “Volgens Maürtin-Cairncross”	2	1

1.12	Inligting op die internet is nie altyd gesaghebbend nie./Gedrukte bronne is dikwels meer gesaghebbend.	3	1
1.13	Bv. Om bronne te vermeld. (Oorweeg leerder se antwoord.)	2	1
1.14	Omskryf “verskeidenheid onderrig tegnieke”, bv. meer as een metode om inhoud te verduidelik.	2	1
1.15	Ja. Dit is <b>heerlik</b> om na hierdie goed te <b>kyk</b> .	4	1
1.16	Bv. Terug skool toe vir onderwysers./Jonges leer nie soos van ouds.	3	1
1.17	Albei handel oor hoe generasie Z funksioneer.	1	1
1.18	Hulle generasies het die meeste lede.	3	1
1.19	Teks A skets ’n negatiewe beeld van generasie Z, maar teks B gee ’n positiewe beeld.	3	1
1.20	D / blymoedigheid	1	1
1.21.1	Nie geslaagd nie; die skets kan ’n reisiger/skolier voorstel.	4	1
1.21.2	Geslaagd; duim in die lug is die internasionale teken vir “alles is reg”.	4	1
1.22	Amerikaanse tendense kring na die res van die wêreld uit.	3	1
1.23	Generasie Z gebruik die internet as bronne.	1	1
1.24	’n Kwart van sy mark het Facebook verlaat. Hy behoort te huil.	3	2
1.25	Eie mening.	5	1

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B:

### OPSOMMING

#### Nasieriglyne:

Vir opsommings wat te lank is, lees slegs tot by 95 woorde en ignoreer die res van die antwoord.

Opsommings wat te kort is, maar die verlangde feite bevat, word nie gepeenaliseer nie.

Trek soos volg af van die drie punte vir taal (grammatika, spelling, punktuasie):

0 tot 4 foute – geen penalisering nie

5 tot 10 foute – trek 1 punt af

11 tot 15 foute – trek 2 punte af

16 of meer foute – trek 3 punte af

Trek só punte af van die kandidaat se totaal (feite en taal) vir direkte aanhalings van volsinne:

1 tot 3 volsinne aangehaal: geen penalisering nie

4 tot 5 volsinne aangehaal: trek 1 punt af

6 tot 7 volsinne aangehaal: trek 2 punte af

## Huistaal

Trek 1 punt van die kandidaat se totaal (feite en taal) af, indien die getal woorde nie aangedui is of die getal woorde nie korrek aangedui is nie.

Let Wel: Afkortings behoort nie in die opsomming gebruik te word nie. Indien die kandidaat wel afgekort het, word elke woord wat verteenwoordig word, getel.

### Direkte aanhalings

Pasop dat vrees jou keer om besluite te neem.	Moenie bang wees vir foute maak nie.
Dans met oorgawe.	Gaan vra daardie oulike meisie vir 'n dans.
Moenie skaam wees om 'n guns te vra nie.	Hou op verskoning vra.
Moenie jou verleenthede vererger deur 'n drama daarvan te maak nie.	Lag daaroor en maak of dit niks is nie.
Waardeer jou goeie voorkomspunte.	Glimlag net mooi.
Oefen jou kookvernuf.	Moenie dat dit jou uit die kombuis hou nie.
Geniet jou modesin.	Moet nooit verskoning vra vir jou anderste modesin nie.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C:

### TAAL

- 3.1.1 Haar telefoonnommer (1)
- 3.1.2 sweet = senuwees = Sy hou van hom. (1)
- 3.2 As is verbrande hout. (1)
- 3.3 Tussen twee gesegdes. (1)
- 3.4 splinternuwe (1)
- 3.5 sweetdruppel/sweetband/sweetgaatjie (1)
- 3.6 wa – neer (1)
- 3.7 Te veel word deur jou verklap. (1)
- 
- 4.1 beëindig (1)
- 4.2 gebroke (1)
- 4.3 Sy vra verbaas hoe hy dit sal hanteer. (1)
- 4.4 hantering (1)
- 4.5 Hy weet al. (1)
- 4.6 Sy het deur middel van sosiale media uitgemaak (opgebreek). (1)

5.11	konnotatief	(1)
5.12	Sy het haar voet in die deur vasgestamp.	(1)
5.2	hoekkantoor	(1)
5.3	uitsigte	(1)
5.4	betreklige voornaamwoord	(1)
5.5	werknemer	(1)
5.6	deel	(1)
5.7	luisteraar	(1)
5.8	na	(1)
5.9	dié	(1)
5.10	miskien	(1)
5.11	Lekker en sien jou vanaand./Fantasties en sien jou vanaand.	(1)
5.12	knieë	(1)
5.13	waardeer	(1)
5.14	byvoorbeeld	(1)
5.15	Jy spel bv. nie wardeur só nie.	(1)

**TOTAAL AFDELING C : 30**